**Seks & Drugs & Boeremusiek: Die memoires van 'n volksverraaier.**
Koos Kombuis. Kaapstad: Human & Rousseau, 2015. 294 pp. ISBN-13: 978-0-7981-7123-6.

DOI: http://dx.doi.org/10.17159/tvl.v53i2.21

"Hierdie heruitgawe verskyn op openbare aandrang," lees die agterblad van die twaalfde druk en tweede uitgawe van Afrikaanse sanger, musikant, liedjieskrywer en skrywer Koos Kombuis (oftewel André le Roux du Toit) se "stoutobiografie" (soos 'n skoolvriend van Kombuis dit noem) getiteld *Seks & Drugs & Boeremusiek*. 'n Mens sou tereg kon vra waarom 'n egodokument soos hierdie, vyftien jaar ná die eerste verskyning in 2000, só gewild onder Afrikaanssprekende lesers is, maar 'n herbesoek aan die teks toon duidelik dat dit steeds uiters relevant is en tydloos bly in terme van veral die aktuele temas daarin vervat. Die teks heraktiveer gesprekke oor onder meer apartheid, Afrikaner-dualisme, Calvinisme en die prys wat roem meebring.

Die outobiografie is geskryf tussen Desember 1999 en Februarie 2000 en is verdeel in drie oorhoofse dele wat die vyf periodes van Kombuis se lewe omvat: *Die vormingsjare* (wat onderverdeel word in sy Rooi Periode (die jare voor 1971) en Swart Periode (1971–9)); *Die rustelose jare* (Groen Periode (1980–6) en Infrarooi Periode (1987–90–iets)); en *Die goue jare* (Blou Periode). Elke hoofstuk binne die afsonderlike afdelings word ingelei deur 'n weldeurdagte intertekstuele motto afkomstig van 'n verskeidenheid bronne (met onder andere aanhalings van Einstein, Luther King, Lennon, Dylan, Rodriguez en Breytenbach) wat tekenend is van Kombuis se wye belangstellingsveld. In die proloog oriënteer Kombuis die leser ten opsigte van die inhoud wat gaan volg terwyl hy in die epiloog 'n toekomsblik gee op die goue jare wat vir hom voorlê nadat hy sy grootworddorp, Wellington, saam met sy vrou, Kannetjie, besoek het.

Kombuis skryf in *Seks & Drugs & Boeremusiek* oor sy soeke na 'n kerk en geloof, sy (mislukte) jare in die weermag, sy tyd in Weskoppies Psigiatriese Hospitaal (in die gewraakte Saal 6), sy sieldodende werk vir die staatsdiens, sy eerste kortverhale in *Huisgenoot*, sy eerste album by Shifty Records, die rowwe Voëlvry-toer en sy langdurige "verhouding" en stryd met dwelms. Hoewel die vertellings relatief openlik is, kan die leser tog agterkom dat Kombuis sekere sake verswyg. Hierdie verswygings word dikwels in 'n voetnota "toegelig" met retoriese vrae oor die waarde daarvan om oor die betrokke sake te skryf. Op hierdie wyse plaas Kombuis eintlik klem op die feit dat hy nog nie gereed is om oor sekere sake en herinneringe te skryf nie. In die tweede uitgawe gebruik hy ook nie die geleentheid om antwoorde op hierdie vraagstukke te bied nie en word dit duidelik dat daar geensins aan die oorspronklike teks verander is nie. Die hele outobiografie word in die eerstepersoon geskryf, behalwe vir drie hoofstukke (108 –22) wat die aanloop tot en Kombuis se opname in die Weskoppies Psigiatriese Hospitaal beskryf. Die

rede hiervoor is omdat hy voel "dit het nie rêrig met my gebeur nie" (108). Vir sommige mense kan die relatief min wat Kombuis oor die Voëlvrybeweging skryf moontlik 'n teleurstelling wees, maar 'n meer uitgebreide beskrywing van die beweging word in *Die tyd van die kombi's* (2009) gegee.

Steurend in die outobiografie is wel die talle verwysings na aanvullende inligting in en korreksies van gegewens in Kombuis se eerste vollengte ("semiselfverheerlikende") roman *Somer II* (1985) en hoofstukke wat geskryf maar nie in die outobiografie opgeneem is nie. Dit is egter waar dat die outobiograaf selektief met sy/haar geheue omgaan en sodoende dit wat hy/sy wil hê die leser moet weet of nie weet nie, filtreer. In Kombuis se outobiografie is dit duidelik dat hy willekeurig besluit wat ingesluit en wat uitgelaat moet word. Daar is voorts verskeie setfoute in die uitgawe, veral wat betref die afkapping van woorde, wat moontlik te wyte kan wees aan die direkte gebruik van die onveranderde teks.

Die mees opvallende verskille tussen die twee uitgawes is die buiteblaaie. Op die eerste se voorblad staan die outeur se naam as Koos A. Kombuis terwyl die "A." op die tweede uitgawe uitgelaat is. Dit is onder meer moontlik dat die "A." in 2000 'n verband tussen hom en sy eerste skrywersnaam (André Letoit) moes aandui, maar vyftien jaar later is hy volkome opgeneem in die naam en identiteit van "Koos Kombuis" en is die verwysing na André nie meer nodig nie. Die eerste uitgawe het voorts 'n foto van Kombuis in Istanboel op die buiteblad terwyl die tweede 'n tekenontwerp het. Die drie telefoonpale wat soos kruise lyk in laasgenoemde, herinner aan Kombuis se gelukkige getal wat drie is en onder andere verwys na drie aktiwiteite waarmee hy hom besig gehou het in sy lewe: seks en dwelms en (die ontmitologisering van) boeremusiek.

*Seks & Drugs & Boeremusiek* is beslis steeds die lees (en herlees) werd. Kombuis slaag daarin om sy lewe in 'n gemaklike, dog soms chaotiese (tekenend van sy verlede) skryfstyl weer te gee in toeganklike Afrikaans. Soos Kombuis in die proloog sy lewe opsom: "It was a dirty job, but *somebody had to do it* en in die pre-epiloog aanvul: "My enigste regret is die feit dat, wat ek ook al doen, en wat ek ook al in hierdie boek gesê het, mense my tot in lengte van dae sal verbind met net een ding, en dit is die sogenaamde Alternatiewe Afrikaanse Beweging." Hierdie outobiografie is eerlik en die relevansie daarvan word moontlik die beste saamgevat in die proloog wat ook die titelkeuse verklaar: "Want nou bly geloof, hoop, en liefde, hierdie drie, maar hulle sal altyd swakker verkoop as *Seks & Drugs & Boeremusiek*."

*Stefan van Zyl*
stefanvanzyl@hotmail.com
Noordwes-Universiteit
Potchefstroom